



UNIVERSITEIT • iYUNIVESITHI • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

100
1918 - 2018

**Centenary Commemoration of
Stellenbosch University**

Paul Roos Gymnasium, Stellenbosch
18:30 for 19:00, Fri 23 March 2018

**Centenary Address by Prof Wim de Villiers,
Rector and Vice-Chancellor**

[As delivered. Full translation available at
www.sun.ac.za/rector]

**Herdening van die eeuwording van die
Universiteit Stellenbosch,**

Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch
18:30 vir 19:00, Vr. 23 Maart 2018

**Eufeesrede deur prof Wim de Villiers,
Rector en Visekanselier**

[Soos gelewer. Volledige vertaling beskikbaar by
www.sun.ac.za/rector]

Distinguished guests, *geagte dames en here ... waar kom ons vandaan? Waar staan ons nou? En waarheen is ons op pad? Hierdie vrae kom onwillekeurig by mens op waar ons vanaand byeen is om die Universiteit Stellenbosch (US) se eeuwording te herdenk.*

Where do we come from? Where do we stand now? And where are we headed? In our search for answers, we can take both a short and a long-term view.

WAAR KOM ONS VANDAAN?

Kyk ons na die hede en onlangse verlede, is dit duidelik die US blink uit op talle terreine. Ons het die afgelope akademiese jaar nogmaals rekordgetalle kwalifikasies toegeken, soos ons vandeeweek gesien het. Ons handhaaf hoë navorsingsuitsette, en ons maak 'n groot impak op die samelewing. Ons vaar goed op internasionale ranglyste. En ons beleef relatiewe stabiliteit ondanks die onstuimigheid in die hoëronderwys die afgelope paar jaar. Ook ten opsigte van ons volhoubaarheid as instelling, is dit gerusstellend dat ons begroting klop, en dat ons byhou met fasiliteite.

Vir hierdie prestasies kom erkenning die hele universiteitsgemeenskap toe – personeellede, studente, alumni, skenkers en vriende van die Universiteit. Danksy almal se harde werk en opofferings kan ons met trots sê ons is 'n universiteit om mee rekening te hou.

So was dit dan ook die afgelope eeu sedert die amptelike totstandkoming van die US in 1918 uit die Victoria Kollege. Ons bedank almal wat hierdie instelling help vorm en sy reputasie as 'n wêreldklasakademiese instelling help vestig het.

Ons staar ons egter nie blind teen ons foute nie. In die konteks van ons land se verdeelde geskiedenis, erken die US sy aandeel in die onregte van die verlede. Daaroor het ons diepe berou. Ons vra diegene wat te na gekom is, opreg om verskoning. En ons gee erkenning aan die kritiese stemme in eie geleedere wat beginselvas standpunt ingeneem het, hoe moeilik ook al.

Let me repeat: Stellenbosch University acknowledges its contribution towards the injustices of the past. For this we have deep regret. Make no mistake – this is a reference to South Africa's apartheid past. We apologise unreservedly to those who were excluded from the historical privileges that we enjoyed at this University, in this town, in this country.

saam vorentoe • masiye phambili • forward together

Navrae / Enquiries: Tel: +27 (0)21 808 4490 | Faks / Fax: +27 (0)21 808 3714 | E-pos / Email: vc@sun.ac.za

KANTOOR VAN DIE REKTOR & VISEKANSELIER | OFFICE OF THE RECTOR & VICE-CHANCELLOR

Privaat Sak / Private Bag XI • Matieland, 7602 • Suid-Afrika / South Africa



Drie weke gelede het ons 'n Eeufeesoptog deur die dorp gehou, wat nie om dowe neute by die Ou Luckhoffskool begin het nie. 'n Halfeeu gelede is inwoners van Die Vlakte verwyder omdat hulle kwansuis die "verkeerde" velkleur gehad het – aldus die gehate Groepsgebiedewet van daardie tyd. Die Universiteit het nie daarteen beswaar gemaak nie, en later ook voordeel getrek toe van die onteiene grond aan ons oorgedra is.

Wat destyds gebeur het, is 'n onreg. Daarom is ek dankbaar die Universiteit het al in die jaar 2000 gesê, "Die US erken sy bydrae tot die ongeregtighede van die verlede" ... en dat die instelling hom in dieselfde asem verbind het tot regstelling en ontwikkeling.

In our Centenary year, we honour the critical Matie voices of the past who would not be silenced despite being ostracised. Because the narrative of Stellenbosch University as the so-called "cradle of apartheid" is an oversimplification.

Daar word dikwels verwys na destydse regverdigings van apartheid deur Stellenbosse akademici, na grondliggende bydraes tot beleidstukke van die destydse regering, en dat talle destydse politieke leiers hier studeer het.

Wel, dit is deel van die prentjie, maar hier was gelukkig ook progressiewe stemme téén apartheid. Yes, HF Verwoerd and BJ Vorster and others were Maties, but so were Frederik Van Zyl Slabbert and Beyers Naudé and Johan Degenaar and many others who challenged injustice and helped build bridges across all kinds of divides in the search for common ground in our beloved country.

Today, in responsibility towards the present and future generations, Stellenbosch University commits itself unconditionally to the ideal of an inclusive, world-class university in and for Africa.

That is our dream, because we share the conviction held by former President Nelson Mandela that "Education is the most powerful weapon ... you can use to change the world." We are honoured to be commemorating our Centenary in the same year as Madiba, who was also born in 1918. He, of course, played a leading role in South Africa's transition to democracy in 1994, and two years later, received an honorary doctorate from Stellenbosch University.

Volgens die bewoording van sy commendatio het die US mnr Mandela 22 jaar gelede vereer as 'n "simbool van bemagtiging deur opvoeding", 'n "ikoon van vrede en versoening deur onderhandeling" en "die vergestaltung van geregtigheid en deernis". Dit is 'n nalatenskap waarmee ons ons kan vereenselwig namate ons die US se tweede bestaanseeu betree.

WHERE DO WE STAND NOW?

Stellenbosch University has become a leading higher-education institution that is making a crucial contribution to human development in our country, on our continent and in the rest of the world. Our graduates are well qualified and they are internationally in demand, our research is innovative and relevant and our impact on society is extensive.

All this we do by reaching out inclusively, not by looking inward. *Maties het begin as 'n "volksuniversiteit". Dit was die "idee" waarvoor Stellenbosch destyds gestaan het – opheffing deur hoër onderwys, maar net vir sommiges, nie vir almal nie. Hierdie idee was duidelik te eng. Dit was 'n uitsluitende inwaartse blik na binne, in plaas van 'n inklusiewe uitreik na buite.*

Om te sê die idee van die volksuniversiteit was te eng beteken nie ons is teen Afrikaans nie. Daar bestaan 'n wanopvatting dat die US die ondergang van Afrikaans bewerkstellig. Die teendeel is waar. Afrikaans is een van ons onderrigtale – maar om grondige pedagogiese redes, nie aangevuur deur ideologie of etniese identiteit nie.

Party mense is bang ons gebruik van Afrikaans kan diegene kan uitsluit wat verkies om in Engels te studeer; ander vrees weer dat ons gebruik van Engels Afrikaans benadeel. Ek wil u graag verseker dat die Universiteit verbind bly tot meertaligheid sonder uitsluiting. Taal behoort nooit vir enige student 'n hindernis te wees nie. Deur ook Engels as onderrigtaal te gebruik, sorg ons dat ons toeganklik is vir

meer mense, en dit maak deure oop – plaaslik en internasionaal. Tog is daar steeds 'n groot behoefte aan en vraag na onderrig in Afrikaans; daarom sit ons ons aanbod daarin voort.

We continue to strive for greater diversity in terms of the composition of both our staff and our student corps. We are working hard to ensure our institutional culture becomes increasingly more welcoming. And we are constantly renewing our academic offering to be relevant to our context.

WAARHEEN IS ONS OP PAD?

Die US se huidige rigtinggewende raamwerk – ons Institusionele Voorneme en Strategie – loop vanjaar uit, en die afgelope jaar of wat word daar hard gebeitel aan die boustene van 'n nuwe raamwerk.

Our Vision 2030 has been to become more inclusive, innovative and future focused.

I think we have made good progress in this regard. What will our Vision 2040 be? And which strategies are we going to follow to get there? The final proposals will serve before Council soon, but I can share some of the consensus that has emerged from University-wide consultations thus far:

- Stellenbosch wants to be a world-class university in and for Africa, an institution with an impeccable reputation that serves the whole of society with innovative knowledge that is interdisciplinary and collaborative in nature.
- *Ons wil akademies uitnemend wees, help soek na oplossings vir samelewingsprobleme, en entrepreneurskap bevorder.*
- We want to build strong partnerships with other higher-education institutions, with civil society, with the business sector and with the state at various levels – at the same time also guarding our academic freedom.
- *Ons wil 'n plek wees waar mense graag wil kom werk en studeer en nie graag wil weggaan nie – omdat ons mooi kyk na ons mense en hulle help ontwikkel.*
- We want to tread lightly on this earth and we want to safeguard the environment
- And because we want to do all these things for a long time to come, we want to look after our sustainability without compromising our impartiality and independence.

Our Centenary year is the ideal opportunity to look back on our journey thus far and to look forward at what lies ahead. It is an opportunity to continue to build on our achievements of the past, to correct our mistakes and to start anew.

Friends, it has been said that a child's education starts at least a hundred years before they are born [Samuel Wishard]. If this is true, we have made a good start! It also means that we have a big responsibility, because what we do now will matter to future Maties a hundred years from now.

Die US se leuse bly dus relevant: “Pectora roborant cultus recti” – “'n Goeie opvoeding versterk die inbors”, “A sound education strengthens the spirit.”

Voorwaar 'n historiese oomblik – dit is wat 2018 vir ons is. Kom ons gryp dit aan en gaan saam vorentoe, forward together, masiye phambili! Baie dankie. Thank you.